

# HUIS KAROO

SEDERT 2024

EERSTEJAARSGIDS **2026**

# HUISKOMITEE

## 2025/2026



**ANDRO HENZEN**
*PRIMARIUS*

*Subportefeulje:* Dissipline



**LOGAN BOTHA**
*EERSTEJAARS*

*Subportefeulje:* Sosiaal



**MARTIN MUNRO**
*ONDERPRIMARIUS*

*Subportefeulje:* Kuns en Kultuur



**STEFAN GREEFF**
*GEMEENSKAP*

*Subportefeulje:* Sekretaris en Akademie



**WILLEM SNYDERS**
*FINANSIES*

*Subportefeulje:* Instandhouding



**RUAN VAN DER VYVER**
*BEMARKING EN SOSIALE MEDIA*

*Subportefeulje:* Klerasie en Dorperkomitee



**JUAN HUMAN**
*SPORT*

*Subportefeulje:* Seniors

HUIS
# KAROO
SEDERT 2024

Die Karoo is 'n alombekende Suid-Afrikaanse landskap deurdrenk met onvergeetlike skoonheid, 'n stille eenvoud en baie versteekte skatte. Dié landskap se uitgestrekte, droë vlaktes en ongeskonde natuurskoon lyk dalk met 'n eerste blik ongenaakbaar, maar dit is in wese 'n ryke habitat vir 'n gul verskeidenheid fauna en flora.

Simbolies spreek die Karoo voorts tot volharding en aanpasbaarheid. Dit is hier waar die gemsbok met sy majestueuse voorkoms en onwrikbare standvastigheid bewondering afdwing.

Op dieselfde manier bied Huis Karoo vir jou 'n tuiste.

# ONTMOET JOU **DAGHUISOUER**

**Daniël Maritz**

Beste Fontie



Baie welkom by een van die lekkerste, mees opwindende hoofstukke van jou lewe! Hierdie nuwe hoofstuk van jou lewe is 'n tyd van nuwe vriendskappe, opwinding, uitdagings, ontdekkings en verwondering. Jy begin nou 'n reis wat jy vir die res van jou lewe gaan onthou.

As Huis Karoo se huispa wil ek jou herinner dat jy nie alleen op hierdie reis is nie. Saam met Huis Karoo se huiskomitee is ons hier om vir jou 'n omgewing te skep waar jy jou volle potensiaal kan bereik. Ja, jy gaan as nuwe eerstejaar baie nuwe uitdagings ervaar en struikelblokke moet oorkom. Moet egter nie bekommer nie, my deur staan altyd vir jou oop. Of dit nou akademiese druk, persoonlike kwessies of bloot die behoefte is om met iemand te wil gesels, kan jy gerus by my kom draai. Ek is hier om jou te lei en te ondersteun op jou reis as student.

Huis Karoo verwelkom jou daarom met ope arms by Akademia en ek moedig jou aan om soveel as moontlik by ons daghuis betrokke te raak. Neem aan klomp aktiwiteite deel, woon aksies by en gryp die wonderlike geleenthede aan om nuwe mense te ontmoet en onvergeetlike ervarings te deel. Die manne van Huis Karoo is trots om hier te kan wees en sien uit om hierdie nuwe jaar saam met jou aan te pak.
Ek en jy skryf saam verder aan Huis Karoo se verhaal en ek kan nie wag om te sien wat hierdie jaar vir ons bring nie!

Ad astra per aspera!

Huis Karoo-groete
**DANIËL MARITZ**

Klik **HIER** om kennis te maak met Huis Karoo en jou koshuisouer

# ONTMOET JOU
# **PRIMARIUS**

## ANDRO HENZEN



Beste voornemende Huis Karoo-eerstejaar

Dit is die begin van 'n nuwe hoofstuk van jou lewe – 'n hoofstuk vol avonture, 'n hoofstuk wat soms soos 'n wipwaentjie gaan voel met baie hoogtepunte en baie laagtepunte, maar dit gaan een van die beste ritte van jou lewe wees!

Hier by Huis Karoo gaan jy lewenslange bande vorm met ouens wat eers as vreemdelinge gesien gaan word, maar baie vinnig as broers wat deur dik en dun by jou sal staan. Ons bied ook vir jou die kans om nuwe talente te ontwikkel met ons verskeie aktiwiteite wat regdeur die jaar aangebied word en daardeur bou jy 'n sosiale lewe wat lewenslange herinneringe kweek.

Die fondasie van ons huis is die Here. In Huis Karoo streef ons om 'n omgewing te skep waar jy die talente wat die Here vir jou gegee het kan ontwikkel sodat jy tot jou volle potensiaal kan groei.

Net soos die gemsbokke in die Karoo moet saamstaan om as trop te oorleef en te floreer moet ons as Karoo-mans ook saamstaan om ons huis op te bou en na hoër hoogtes te vat.

Ek en my huiskomitee sien uit om jou te verwelkom en deel van ons broederskap te maak.

Karoo-groete

Klik **HIER** om kennis te maak met Huis Karoo en jou primarius

# ONTMOET JOU
# **EERSTEJAARS-HK-LID**



### LOGAN BOTHA

Beste voornemende Huis Karoo-eerstejaar

Welkom by Huis Karoo, 'n daghuis, maar bowenal 'n broederskap. Hier gaan jy nie net vriende maak wat soos familie voel nie, maar ook 'n ondersteuningstelsel kry wat jou persoonlik, akademies en geestelik gaan dra.

Ons glo in gesonde kompetisie en neem graag deel aan die verskeie sport- en kultuuraktiwiteite wat Akademia vir ons bied. Karoo-broers ding gereeld mee teen ander koshuise met trots en energie. Hierdie uitdagings bou spanwerk en karakter en wys die ware betekenis van broederskap.

Met die lig van God wat ons lei, is Huis Karoo 'n plek van integriteit, respek, deursettingsvermoë en opregtheid. Ons reis nie net saam deur die studentelewe nie, maar ook saam met die Here. Ware sukses berus vir ons op geloof, karakter en diensbaarheid.

Ons moedig jou aan om betrokke te raak, jou talente te gebruik en jou eerste jaar voluit aan te pak. Huis Karoo is 'n plek waar jy behoort, waar jy uitgedaag word, en waar jy altyd die ondersteuning en liefde van jou mede-Karoo-broers sal hê.

Jy, as deel van die 2026-groep, sal bydra tot die fondasie waarop die huis voortgebou word en ek en die huiskomitee sien met opgewondenheid uit om jou te ontvang.

"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop." - Spreuke 3:5-6

# KOSHUIS**WAARDES**

### INTEGRITEIT

Integriteit is 'n kernwaarde by Huis Karoo. In praktyk beteken dit om altyd die regte ding te doen – selfs wanneer niemand kyk nie, en om in elke situasie op te tree met eerlikheid, eerbaarheid, en standvastigheid.

### RESPEK

'n Huis Karoo-man het respek vir homself, sy medebroers en -studente. Dit beteken om elke persoon te waardeer vir wie hulle is, om hulle sienswyses te respekteer, en om 'n omgewing te skep waarin elke individu ondersteun word.

### DEURSETTINGSVERMOË

Deursettingsvermoë is vir Huis Karoo 'n hoogs gekoesterde eienskap. Dié waarde getuig van vasberadenheid in die aangesig van uitdagings en om nooit moed op te gee nie. Huis Karoo-mans maak altyd klaar waarmee hulle begin het, pak elke taak met deursettingsvermoë en vasberadenheid aan. Ons erken die waarde van harde werk en volharding, en strewe daarna om ons doelwitte met voortgesette toewyding te bereik.

### OPREGTHEID

Dit is vir Huis Karoo belangrik om eerlik en opreg te wees in al ons interaksies met ander. Dit beteken dat ons deurentyd getrou aan onsself bly sonder valse voorwendsels en altyd die waarheid omarm.

### GOEIE SPORTMANSKAP

Goeie sportmanskap beteken vir Huis Karoo dat ons die spel geniet en nie net op wen fokus nie. Ons glo dat ware prestasie nie net deur die telbord en wennerspodium bepaal word nie, maar ook deur die manier waarop ons die spel speel.

# **SLEEPKOSHUIS** VIR 2026

Elke jaar word twee koshuise aan mekaar toegewys wat die jaar saam aanpak. Sleepkoshuise voer saam formele en sosiale aksies, asook projekte uit. Vir die tydperk 2025/2026 is **Huis Strelitzia** ons toegewysde sleepkoshuis.

huis STRELITZIA
SEDERT 2022

---

# **SR-KOSHUISVOGIE** VIR 2025/2026

Beste voornemende Huis Karoo-eerstejaar

Ek is Zabeth Breytenbach, julle SR-koshuisvogie vir die termyn 2025/2026. Dit is vir my 'n voorreg om jou by Akademia te verwelkom, hier waar denke én hart gevorm word. By Akademia sal jy nie net jou studietuiste vind nie, maar ook die geleentheid hê om deel te wees van 'n ongelooflike studentelewe.

By Akademia skep ons 'n ondersteunende en opwindende omgewing waar jy jou passie kan ontdek en jou eie storie kan begin skryf. Die studenteraad sien daarna uit om jou by te staan, jou vrae te beantwoord en saam met jou nuwe herinneringe te maak. Ek daag elkeen van julle uit om deel te word van elke geleentheid wat oor jou pad kom – om so 'n gebalanseerde studentelewe vir jouself te skep. Ons sien uit daarna dat jy deel van die Akademia-familie word!



# BELANGRIKE **DATUMS**

Eerstejaarskamp || 20 tot 23 Januarie

Kampusverwelkoming || 24 Januarie 2026

Eerstejaarsoriëntering || 26 Januarie tot 7 Februarie 2026

# BELANGRIKE **KONTAKBESONDERHEDE**

**Primarius en koshuisouer:** huiskaroo@akademiastudente.co.za

**Algemene navrae:** navrae@akademia.ac.za || 0861 222 888

**Studentelewenavrae:** mariskab@akademia.ac.za

**Finansies:** finansiesnavrae@akademia.ac.za

**Akademia-studenteraad:** sr.voorsitter@akademiastudente.co.za

**Koshuisnavrae:** koshuisverblyf@akademia.ac.za

# STUDENTE**ONDERSTEUNING**

Kontak ons by studenteondersteuning@akademia.ac.za of stuur 'n WhatsApp-boodskap na 069 807 1548 vir:

**Emosionele ondersteuning** || **Akademiese ondersteuning**
**Maatskaplike ondersteuning** || **Finansiële ondersteuning**
**Loopbaanadvies en -voorbereiding**

# FINANSIES

**Koshuiskas** || Jaarliks: R375



# HUIS KAROO-LEUSE

In tye van onsekerheid en donker nagte rig ek my oë op na die Suiderkruis om my te lei na die bloedrooi Karoo-sonsopkoms, waar ons as broers onder die Here se bewaring saamstaan en voortbeweeg.

# ALGEMENE **VRAE**

**Hoekom is dit belangrik om deel te neem aan 'n daghuis as jy nie 'n koshuisinwoner is nie?**

Akademia se vormingsideaal spreek tot die vorming van denke én hart, en in dié roeping speel koshuisstrukture 'n belangrike rol.

Daghuise bied aan studente die geleentheid om heelhartig deel te word van 'n unieke koshuiskultuur en stel hulle in staat om só Akademia se bruisende studentelewe eerstehands te ervaar.

**Wat is die koshuiskas?**

Die koshuiskas is 'n jaarlikse bedrag van R375 wat deur elke student betaal word om deel te neem aan ons bruisende studente- en koshuislewe. Daardie finansies word gebruik om verskeie sport-, kultuur-, gemeenskaps- en sosiale aksies moontlik te maak.

Let wel dat daar moontlik addisionele kostes vir sosiale geleenthede binne die koshuis mag wees.

**Waar word huiskomiteevergaderings gehou?**

Huiskomiteevergaderings word gehou in Huis Karoo se huiskomiteekantoor op die Leriba-kampus.

Vir enige navrae kan die primarius, eerstejaars-HK-lid of koshuisouer gekontak word deur 'n e-pos te stuur na huiskaroo@akademiastudente.co.za.

Gaan loer gerus na Huis Karoo se Instagram-blad: @huis_karoo


Mag **2026** 'n wonderlike jaar vir jou wees!